NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

NOVEMBER 2018

Tessalonisense
5: 12 - 25

DINK RADIKAAL ANDERS
Matteus 5: 14 - 16
As Jesus ons roep om die lig vir die wêreld te wees, moet ons nie ook dankbaarheid uitstraal nie?

BID RADIKAAL ANDERS
Psalm 66
Dank die Here vir sy ontsagwekkende werke en dat Hy ons altyd bystaan in tye van nood.

WEES RADIKAAL ANDERS
Matteus 18:21 - 35
As ons werklik dankbaar is vir wat Jesus vir ons gedoen het, moet ons ook genadig wees teenoor ander.

WAT IS ANDERS DIE MAAND?
Soos die jaar nader aan 'n einde kom kan ons terugkyk en bewus word van hoe die Here vir ons voorsien het in 2018. Waarvoor wil jy vir die Here dankie sê?

DE EIKE IS ANDERS
Dank God vir die fondse wat vir Sy koninkryk beskikbaar gestel is d.m.v. ons suksesvolle wynveiling en die dankofferfees.

WAARVOOR KAN ONS DANKBAAR WEES?

Mediese hulp in ontwikkellende lande



- Die World Health Organisation het in November 2017 aangekondig dat die aantal sterftes as gevolg van TB met 37% gedaal het vanaf 2000.
- Melaatsheid is nou maklik behandelbaar en die aantal aangetekende gevalle het met 97% gedaal vanaf 1985.
- 'n Goedkoop entstof vir Cholera is beskikbaar. Vandat die World Health Organisaion in 2013 begin voorraad opgaar het, is daar tot en met Mei 2018 reeds 25 miljoen mense ingeënt in 19 lande.

Omgewingsvriendelike vooruitgang

- Die Global Environment Facility se werk in ontwikkelende lande met betrekking tot die herstel van woude sowel as volhoubare grondbestuur, werk klimaatverandering teë en gee hoop aan die wat van die woude afhanklik is vir oorlewing.
- Die koste van hernubare energie soos son- en windkrag hou aan daal en dit is reeds goedkoper as om steenkool en kernkragstasies te onderhou.

Bronne:
https://www.forbes.com/sites/johnmauldin/2017/12/19/20-positive-trends-that-will-make-you-feel-good-about-the-world-in-2018/#2fae89c23c12
http://www.who.int/cholera/vaccines/en/
https://www.thegef.org/sites/default/files/publications/GEF_SFMFactsheet_Feb2018.pdf
https://thinkprogress.org/solar-wind-keep-getting-cheaper-33c38350fb95/